STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

16 SEPTEMBER 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENS
Ryp met die ouderdom?
1 Kor. 13

BLOKDIENS
Wat maak my werklik gelukkig?
(Psalm 1;1-6)

GESINSDIENS
Jesus is by ons
Johannes 19 en 21

JEUGDIENS
Familie
(Joh. 1:1-16)

DEUROFFER
Seniorbediening in die gemeente.

EREDIENSTE

					16 Sept.		23 Sept.
					Seniorsondag		
09:00	Kerk (Doop)	Oggenddiens	Ds. Visagie	3/4	Ds. Duvenhage	1
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	9	Geen diens	-
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Geen diens	-
09:00	Grootsaal	Blokdiens	Ds. Potgieter	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Geen diens	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Visagie	11	Ds. Duvenhage	13

SENIORSONDAG

Ons verwelkom alle senior lidmate, lede van Edelweiss Dienssentrum se koor en Almarie du Preez by vanoggend se erediens. Senior lidmate word uitgenooi om na die diens tee en verversings in die teetuin te geniet. Sien ook die volledige program vir die seniorweek op bl. 3.

GEMEENTEKAMP 30 NOV. TOT 2 DES.

Daar is nog net vyf staanplekke beskikbaar! Ons gaan vanaf 30 Nov. tot 2 Des. as gemeente saam by die Vloedbos-kampeerterrein in Caledon kampeer. Die kampterrein het 'n swembad en 'n waterwurm. Staanplekke @ R400 per nag. Bespreek jou plek voor einde Sept. direk by die kampeerterrein – Demichelle of Mariska, 083 359 1505 of info@vloedbos.co.za en dui asseblief aan dat julle deel van Stellenberg-gemeente se blokbespreking is.

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE sluit die kwartaal op 'n spesiale manier af.
- JEUGDIENS: Begin om 18:00 met kleingroepe na die diens.
- SENIORKLEINGROEPLEIERS: Ontmoet om 17:30.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE: Vir jong volwassenes, kom op Woensdae om 18:30 bymekaar. Kontak jeugkantoor vir info.
- BLISS: Groep vir jong volwassenes kom Sondae om 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae om 18:30. Kontak jeugkantoor vir meer info.

MANNEKAMP 9 TOT 11 NOVEMBER

Hou die datums oop. Kom beleef geestelike verdieping, saamwees en 'n geleentheid om die Heilige Gees weer te ervaar. Ons hoop om die mannekampe te laat herleef en hierdie is die eerste aanbieding. Koste: R950.00, sluit etes en materiaal in.
Navrae: Retief Ueckermann 082 498 3448. Besprekings: Lindy by 021 976 4519 of lindy@stellenberg.co.za, R400 deposito.

VOSBURG KAROOKUIER – NOG TE KOOP

Die Vosburg Karookuier-komitee wil graag lidmate vir hulle ondersteuning en samewerking met die aanbied van die Vosburg Karookuier verlede Vrydag, bedank. Die funksie was 'n groot sukses en die meeste van die produkte is verkoop.

Die volgende items: springbokfilette, wors(groot pakke), wildsvleispasteie, koekies en beskuit is vanoggend na die diens te koop, of kontak Poena by 082 852 2776.

ONS BID VIR MEKAAR

- Etienne van Wyk, Mosellestraat. Hy ondergaan steeds rehabilitasie by die *Vincent Pallotti Hospitaal.* Etienne en Edna wil graag lidmate vir hulle voorbidding en ondersteuning bedank.
- Hein Cilliers, Fairtrees-aftreeoord, is in die intensiewesorgeenheid van *Cape Gate Mediclinic.*

KATEGESE

KLEINGROEPE VANDAG

Graad 1: Kleinsaal

Graad 2 & 3: Grootsaal

Graad 4 tot 6: Kerk

Graad 7: Jeuglokaal

Graad 8: Jeuglokaal

Graad 9: Kerk

Graad 10: Grootsaal

Graad 11: Kleinsaal

BREIGROEP

Die groep kom weer op Maandag 1 Oktober om 09:30 in die markplein byeen.

Kontak Ria
083 519 0602 met enige navrae.

VERNUWING VAN DIE KERKTUIN

Die terrein voor die kerkkantoor word tans verfraai en omskep in 'n meer waterbesparende tuin.

SENIORWEEK

Maandag 17 September 10:00-12:00, Kleinsaal

Geen koste, maar bespreek by Karin 021 976 4519.

- 10:00-10:40: Francine van Niekerk, redakteur van LIG, kom gesels oor die rol van die tydskrif oor die afgelope jare.
- 10:40-11:00: Verversings.
- 11:00-11:40: Riaan Truter, voormalige hoof van DF Malan Hoërskool, motiveringspreker en gemeentelid, kom deel 'n paar insiggewende wyshede.

Dinsdag 18 September 10:00-12:00, Kleinsaal

Geen koste, maar bespreek by Karin 021 976 4519.

- 10:00-10:40: Helene Meyer, koskenner en sjef, kom deel haar resepte. Haar resepteboek @ R150 sal ook te koop wees.
- 10:40-11:00: Verversings.
- 11:00-11:50: Marius Falck, sanger en predikant van Melkbosstrand, kom sing ou vergete-, kontemporêre- en geestelike liedere.

Woensdag 19 September 08: 45-13:00. Uitstappie – koste R100. Vervoer is gratis. Beperkte plekke beskikbaar. Bespreek en betaal by Karin (kerkkantoor). Ons besoek die alpakkaplaas op Klein Limietrivier, Wellington. Die boerdery, weefmasjiene en winkel met alpakkawolprodukte word besigtig. Daarna geniet ons verversings in 'n plaaslike restaurant in Wellington.

MET LEEDWESE

- **Susara Magdalena Maria Elizabeth (Sarie) Dippenaar** gebore 12/01/1923 en oorlede op 9/092018. Sy was 'n inwoner in Edelweiss se versorgingseenheid. Haar roudiens word op 21 September om 14:30 by Edelweiss gehou.
- **Magdalena Susanna (Lena) Joubert** gebore op 5/02/1925 en oorlede op 6/09/2018. Sy was 'n inwoner van Edelweiss.

Ons meegevoel met die kinders en kleinkinders wat hulle agterlaat.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 20 September om 15:00 en 15: 45 uit Handelinge 21: Paulus in Jerusalem . . . en in die moeilikheid!

VROUEKAMP

19-21 Oktober
Plek: Die Eiland, Stellenbosch
Koste: R520
Navrae: Rita Robertson 084 640 4183.

NG KERK SONSTRAAL BIED AAN:

13 Oktober 2018

'n Oggendwerkswinkel vir besigheidsmense met die tema: *Bybelse Riglyne vir Besigheidseienaars.*

Belangstellendes kan gaan loer op die webwerf (www.brightfuture.co.za) of kontak dr. Andries Cilliers by 084 5288 717 of andries@apcilliers.co.za.

FEESMARK 17 OKT. TOT 3 NOV.

Die Feesmark begin op Woensdag 17 Oktober. Besoek die mark en restaurant weeksdae tussen 10:00 en 20:00 en Saterdae tussen 09:00 en 18:00. 'n Splinternuwe **AANLYNWINKEL** met feesmarkprodukte word ook vanjaar vanaf 17 Oktober tot 3 November via www.stellenberg.co.za bekendgestel. Besoek dit gerus om jou feesmarkaankope in die gerief van jou eie huis te doen. Aankope kan by die afhaalpunt by die Feesmark se hoofingang afgehaal word, of na 'n adres van jou keuse, op eie koste, gekoerier word.

GEMEENTENUUS

Ons skakel graag elektronies met lidmate en stuur weekliks die bulletin en maandeliks die Stellenberger aan almal op ons verspreidingslys. Indien jy nie die inligtingstukke ontvang nie, stuur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za. Gedrukte weergawes van die inligtingstukke word ook in die voorportaal van die kerk en sale geplaas.

LEEF LIGTER

'n Interaktiewe werkswinkel vir vroue.

Vroue moet daagliks 'n klomp balle in die lug hou. Hoe gemaak as die balle te veel raak en jy nie meer kan bybly nie? In dié werkswinkel wil ons vroue begelei om hulle volgelaaide tasse uit te pak en ligter te maak. Datum en tyd: 30 Oktober 18:30 tot 20:00

Aanbieder: dr. Carlien van Wyk Koste: R40 per persoon

Besprekings: Anneke by sos@stellenberg.co.za / 021 976 8029

TWEE STELLE VERLORE SLEUTELS

Twee stelle sleutels (een stel motorsleutels en een stel met 'n afstandbeheerkontrole) is op die kerkterrein gevind. Indien jy vermoed dit behoort aan jou, doen gerus navraag by Hanlie by 021 976 4519/hanlie@stellenberg.co.za.

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator
- Musiekterapeut
- Spraakterapeut

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

SNAPSCAN

Gebruik die slimfoontoepassing om enige oorbetaling na die gemeente te maak. Hier is die gemeente se skanderingskode.